18. Finansies

18.1 RAPPORT DEPUTATE VIR ADVIES INSAKE TOESEGGINGS UIT DIE RENTE VAN DIE EEUFEESBEDIENINGSFONDS EN DUVENAGEFONDS (Artt.40,)

A. Dr. S.J. van der Merwe stel die Rapport.

B. RAPPORT:

1. Opdrag

Die opdrag is in Acta 1994:270, 4.1; 322, 2.3.4.2 en 2.3.4.3.

Besluit: Kennis geneem.

2. Sake waarvan die Sinode moet kennis neem

2.1 Vir die stand van die Sustentasiefonds se kapitaal- en rentefonds word u verwys na die finansiële state van die Administratiewe Buro.

2.2 *Aansoeke:*

2.2.1 Ten spyte van herhaalde versoeke en van die verduidelikende notas, was baie kerke se aansoeke nie volledig en het nie aan al die vereistes van die Reglemente voldoen nie. Daar was ook aansoeke van kerke wat keurig en netjies versorg was met al die nodige inligting en verduidelikings.

2.2.2 Aansoeke is op dieselfde wyse as in die verlede behandel en beoordeel volgens die Reglement. Die voorgestelde Reglement vir die gesamentlike sustentasiefonds is ook gebruik. Die volgende riglyn is gebruik:

2.2.2.1 Het die aansoek al die vereiste stukke:

2.2.2.1.1 Aansoek per vraelys - punt 6.1 van die Reglement.

2.2.2.1.2 Geouditeerde inkomste- en uitgawestaat vir die finansiële jaar 1 Julie tot 30 Junie.

2.2.2.1.3 Geouditeerde balansstaat vir dieselfde finansiële jaar met vergelykende syfers van die vorige jaar.

2.2.2.1.4 'n Volledig ingevulde voorgeskrewe vorm van die inkomste en uitgawe soos in die kolomme van die voorgeskrewe vorm vereis (hierdie is die werkstuk vir beoordeling). Stem die syfers van die voorgeskrewe vorm ooreen met die goedgekeurde begroting en met die geouditeerde state?

2.2.2.1.5 Indien die kerk in kombinasie is, moet volledige besonderhede gegee word van die verdeling van tyd van die predikant en die onderlinge finansiële verpligtinge.

2.2.2.1.6 Indien die kerk aansoek doen vir hulp met hulle sendingroeping, moet dit duidelik wees wat is sendinguitgawe en sendinginkomste indien daar nie twee aparte state is waarin duidelik onderskei word tussen die sendingrekening en die gewone rekening van die kerk nie.

2.2.2.2 Beoordeling van die aansoek:

2.2.2.2.1 Die voorgeskrewe vorm is die werkstuk waarop die beoordeling plaasvind. Die totale van die syfers moet ooreenstem met die geouditeerde state. Waar individuele syfers verskil of waar enige onduidelikheid bestaan, is dit met notas volledig verklaar? Is alle

items wat op die voorgeskrewe vorm met 'n asterisk gemerk is, verduidelik en gemotiveer?
2.2.2.2.2 Voldoen die aansoek aan die vereistes soos gestel in die Reglement se doel?
2.2.2.2.3 Is 'n kombinasie of ander bedieningsooreenkoms moontlik sonder om die sinvolle bediening aan te tas? Part. Sinodes en Klassisse is versoek om hierop te let in die lig van die gebrek aan fondse.
2.2.2.2.4 Die volledige items is nie sustenteerbaar nie, maar moet ingevul wees terwille van die geheelbeeld: Donasies; Onderhoud en herstel van geboue (normale skoonmaakmiddels kan onder diverse ingevul word); Tuinarbeider; Honoraria; affiliasiegelde; waardevermindering; tekorte van vorige jare; bydraes tot fondse soos Bybelverspreiding, Emeritaatsfonds, Noodtoestande; onthaaltoelaag; studietoelaag; boeke-aankope; *Kerkblad*intekening; agterstallige ramings; Kapitale uitgawes.
2.2.2.2.5 Koster en orrelis het te maak met die ordelike bediening en is sustenteerbaar. Indien fondse nie beskikbaar is nie, sal hierdie items nie gesustenteer kan word nie.
2.2.2.2.6 Ouditkoste is sustenteerbaar ten einde geouditeerde state wat korrekte syfers bevat, te verseker.
2.2.2.2.7 Ander items wat duidelik verklaar is, sal op meriete beoordeel word na gelang van die beskikbare fondse.
2.2.2.2.8 Bankkoste is sustenteerbaar en kan ook rentedelging insluit.
2.2.2.2.9 Traktement, vakansiebonus en boeketoelaag sal net tot op 'n gemiddeld gesustenteer word. Indien dit volledig gesustenteer moet word, beteken dit dat kerke wat hulle predikante laer trakteer moet kerke sustenteer wat hulle predikante hoër trakteer. Dit is onbillik.
2.2.2.2.10 Indien kerke 'n oorskot op 30 Junie in die balansstaat toon, moet dit in aanmerking geneem word met inagneming van die begrote syfers vir die laaste ses maande van die huidige kalenderjaar.
2.2.3 Die totale aansoeke deur 30 kerke by die Sustentasiefonds vir 1995 was R1 275 120 plus nog R167 259 vir agterstallige ramings. Dit is deur die Deputate verminder na R746 673 waarvan die Sustentasiefonds R568 007 gesustenteer het. Geen agterstallige ramings is gesustenteer nie as gevolg van 'n gebrek aan fondse.
2.2.4 Die totale aansoeke deur 33 kerke by die Sustentasiefonds vir 1996 was R1 294 961 plus nog R248 569 vir agterstallige ramings. Dit is deur die Deputate verminder na R625 560 waarvan die Sustentasiefonds R500 000 gesustenteer het. Geen agterstallige ramings is gesustenteer nie as gevolg van 'n gebrek aan fondse.
2.2.5 U Deputate sal aanvullend rapporteer oor die aansoeke en toekennings vir 1997.

Besluit: Kennis geneem van hele punt 2.

3. Sake waaroor die Sinode moet besluit

3.1 *Toekennings:*

Part. Sinodes	Aantal kerke	1995	Aantal kerke	1996
Noord-Tvl	5	111 651	5	106 793
Noordwes	4	133 441	4	93 809
Oos-Tvl	3	66 624	5	91 589
OVS Natal	4	46 550	3	34 817
Suidelike	9	160 357	9	80 994
Wes-Tvl	3	49 385	5	91 998
Namibië				
	28	568 008	31	500 000

3.1.1 Aanbevelings:

3.1.1.1 Die Sinode neem kennis van die toekennings wat gemaak is en keur die optrede van die Deputate goed.

Besluit: Goedgekeur.

3.2 *Fondsinsamelings:*

3.2.1 Aan die kerke is 'n omsendskrywe gerig waarin bydraes gevra is. In *Die Kerkblad* het daar 'n losblad verskyn waarin bydraes gevra is.

3.2.2 Die Sinode moet met groot dankbaarheid kennis neem van die mooi bydraes van kerke en lidmate. Kyk na die finansiële state vir die bydrae wat ingesamel is.

3.2.3 Die kollektes wat kerke opgeneem het, het nie naby die riglyn van R7.00 per lidmaat per jaar gekom nie.

3.2.4 Aanbevelings:

3.2.4.1 Die Sinode neem met groot dankbaarheid kennis van die mooi bydraes van kerke en lidmate.

3.2.4.2 Die Sinode gee opdrag aan die te benoeme Deputate om voort te gaan met die fondsinsameling vir die Sustentasiefonds deur vrywillige bydraes te vra by kerke en/of instansies en/of persone.

3.2.4.3 Die Sinode keur 5 kollektes per jaar goed vir die Sustentasiefonds met as riglyn R7.00 per lidmaat per jaar.

Besluit: Goedgekeur.

3.3 *Reglement insake toeseggings uit die opbrengs van die GKSA Sustentasiefonds:*

3.3.1 Sinodale magtiging:

3.3.1.1 Die Sinode voeg die Eeufeesbedieningsfonds en Duvenagefonds sodanig saam dat nie een van die twee fondse se doelstellings verlore gaan nie.

3.3.1.2 Die fonds staan bekend as die GKSA-Sustentasiefonds.

Motivering:

3.3.1.2.1 Beide fondse handel oor Woordbediening. Prakties is dit moeilik om te onderskei waar sending ophou en opbouwerk van die

gelowiges begin. Die innerlike opbou van die kerk kan nie losgemaak word van die uiterlike opbou nie, en omgekeerd.
3.3.1.2.2 Die Sinode het die doelstellings van die fondse vasgestel en geen skenker het uitdruklike voorwaardes vir sy bydraes gegee nie.
3.3.1.2.3 Fondse is deur die Sinode ingesamel en daarom kan die Sinode ook 'n aanpassing maak in die wyse waarop die fondse aangewend word.
3.3.1.2.4 Nie een van die fondse se doelstellings word wesentlik gewysig nie. Die samevoeging van die fondse dereglementeer en gee soepelheid aan die Deputate by die toekenning van sustentasie (Acta 1994:321, 2.3.4).
3.3.2 Doel: Die Sustentasiefonds is in die lewe geroep met die volgende doelstellings:
3.3.2.1 Hulp aan kerkrade vir die bearbeiding van verspreidwonende lidmate
3.3.2.2 Hulp aan kerke wat weens vertrek van lidmate of sosio-ekonomiese omstandighede alleen nie 'n predikant kan onderhou nie
3.3.2.3 Hulp aan kerke wat op die voorposte staan om 'n predikant te kry om die kerk op en uit te bou

Besluit: Die Deputate moet ‘n duidelike omskrywing van die begrip “kerke wat op die voorposte staan” gee.

3.3.2.4 Hulp aan kerke in die uitvoering van hul evangeliserings- en sendingroeping.
3.3.2.5 Hulp aan kerke om te groei tot finansiële selfstandigheid.

Besluit: “Groei tot finansiële selfstandigheid” impliseer dat die gesustenteerde kerk aan die Deputate vir Sustentasie aanduiding moet gee van die periode waarbinne hulle verwag om finansiële selfstandigheid te bereik.

3.3.3 Aanwending van fondse:
3.3.3.1 Die kapitaal word deur die Administratiewe Buro in trust ontvang en belê. Wanneer gelde beskikbaar om uit te leen sal kerkrade voorkeur kry.
3.3.3.2 Die opbrengs op die kapitaal sal nie by die kapitaal gevoeg word nie, maar gebruik word vir sustentasie indien daar wel goedgekeurde aansoeke is.
3.3.4 Beheer:
3.3.4.1 Die beheer en toesig word opgedra aan die Sustentasiedeputate. Die Deputate word soos volg saamgestel:
3.3.4.1.1 Twee lede en sekundi wat deur die Nasionale Sinode aangewys word.
3.3.4.1.2 Die Direkteur van die Administratiewe Buro.
3.3.4.1.3 Elke Partikuliere Sinode benoem een Deputaat.
3.3.5 Administrasie:
3.3.5.1 Die administrasie van die fonds is opgedra aan die Administratiewe Buro van die GKSA wat die Sustentasiedeputate inlig oor die stand van die fonds.
3.3.6 Aansoeke:

Aansoeke uit die fonds moet behoorlik gemotiveer word. Die volgende dien as leidraad van wat onder behoorlike motivering verstaan word:
3.3.6.1 Besonderhede verlang:
3.3.6.1.1 Naam van kerk.
3.3.6.1.2 Aantal belydende lidmate (volgens die Almanak).
3.3.6.1.3 Besit die kerk 'n kerkgebou en hoeveel is nog daarop verskuldig?
3.3.6.1.4 Besit die kerk 'n pastorie en hoeveel is nog daarop verskuldig?
3.3.6.1.5 Wat verwag die kerkraad moet lidmate bydra?
3.3.6.1.6 Wat was die gemiddelde bydrae per belydende lidmaat per maand vir die afgelope finansiële jaar?
3.3.6.1.7 Hoeveel is die traktement en toelaes van die predikant? Spesifiseer volledig en gee die syfers vir die huidige kalenderjaar sowel as die begroting vir die volgende kalenderjaar.
3.3.6.1.8 Hoeveel is die reiskostetoelaag van die predikant? Indien die kerk oor 'n motor beskik, wat was die uitgawes? Gee die syfers vir die huidige kalenderjaar en die begroting vir die volgende kalenderjaar.
3.3.6.1.9 Indien die aansoek is om te help met die evangeliserings- en sendingroeping van die kerk, moet die volgende inligting ook gegee word:
3.3.6.1.9.1 Wyse en aard van die evangeliserings- en sendingwerk.
3.3.6.1.9.2 Bestaan daar reeds 'n kerk as vrug van die sendingwerk (jong kerk), hoeveel lidmate het hulle of word die nuwe lidmate by die bestaande kerk ingeskakel? Was daar enige groei die afgelope jaar?
3.3.6.1.9.3 Wat verwag die kerkraad moet die lidmate bydra?
3.3.6.1.9.4 Hoeveel is die bydrae van die jong kerk tot die werk?
3.3.6.1.9.5 Wat was die gemiddelde bydrae per belydende lidmaat per maand vir die afgelope finansiële jaar van die jong kerk?
3.3.1.9.6 Watter ander uitgawes is daar in verband met die sendingwerk, soos salarisse van helpers (gee die syfers vir die huidige kalenderjaar sowel as die begrote syfers vir die volgende kalenderjaar)?
3.3.6.1.10 Hoeveel sustentasie is vir die huidige kalenderjaar gevra en wat is toegestaan?
3.3.6.1.11 Vir hoeveel sustentasie word aansoek gedoen vir die volgende kalenderjaar?
3.3.6.1.12 Motiveer die besondere nood en/of uitbreidingsmoontlikhede van die kerk en/of evangeliserings- en sendingwerk waarvoor aansoek gedoen om steun gedoen word. Is daar enige ander bedieningsmoontlikheid wat minder of geen sustentasie sal vra?
3.3.6.2 Finansiële state verlang:
3.3.6.2.1 'n Geouditeerde staat van inkomste en uitgawe vir die afgelope finansiële jaar met 'n balansstaat. Die state word vir 1 Julie tot 30 Junie van elke jaar opgestel; ook moet 'n staat van verwagte inkomste en uitgawe vir die res van die kalenderjaar - 1 Julie tot 31

Desember - ingesluit word. Geouditeerde state is state wat deur 'n geoktrooieerde rekenmeester of soortgelyke gekwalifiseerde persoon geouditeer is.
3.3.6.2.2 'n Begroting van inkomste en uitgawe vir die kalenderjaar waarvoor aansoek gedoen word, moet slegs inkomste en uitgawes insluit. Oorskotte en oortrokke rekenings moet nie in berekening gebring word nie.
3.3.6.2.3 Indien die kerk in kombinasie is met kerk(e) wat nie om hulp vra nie, gee 'n uiteensetting van onderlinge finansiële verpligtinge in die kombinasie. Gee ook 'n tydsverdeling van die predikant in die kombinasie.
3.3.6.2.4 Daar moet duidelik onderskei word tussen die inkomste en uitgawe vir evangelisering en sending en die gewone inkomste en uitgawe van die kerk indien die aansoek is om ondersteuning van die evangeliserings- en sendingroeping van die kerk.
3.3.7 Behandeling van aansoeke:
3.3.7.1 Die Klassisse moet behoorlik gemotiveerde aansoeke om finansiële steun deur die kerke in ontvangs neem en behandel. Die Klassisse moet aandag gee aan moontlike kombinering van kerke en ander bedieningsmoontlikhede.
3.3.7.2 Die behandelde en gekeurde aansoeke van die kerke word daarna deur die Klassisse gemotiveer en deurgestuur aan die Deputate vir Sustentasie van die betrokke Part. Sinode.
3.3.7.3 Nadat die Deputate vir Sustentasie van die Part. Sinode die aansoeke voorlopig behandel en gekeur het, word dit, behoorlik gemotiveer, deurgestuur na die Deputate van die Nasionale Sinode vir advies van die toeseggings uit die opbrengs van die Sustentasiefonds. Hierdie Deputate beoordeel dan die aansoeke om vas te stel:
3.3.7.3.1 Beantwoord dit aan die doelstellings waarvoor die Sustentasiefonds daargestel is en adviseer, indien hulle dit nodig ag, dienooreenkomstig
3.3.7.3.2 Val die totale som van die aansoeke binne die perke van die beskikbare opbrengs.
3.3.8 Bepalings oor toeseggings:
3.3.8.1 Indien die som van die aansoeke binne die perke van die beskikbare opbrengssom val, doen die Deputate van die Nasionale Sinode toeseggings in een som aan die Part. Sinodes, wat die finale toeseggings maak.
3.3.8.2 Indien die aansoeksom groter is as die opbrengs beskikbaar, moet die Deputate 'n verdeling van die beskikbare rente maak waarin faktore soos sustentasieramings, die sosio-ekonomiese omstandighede, aantal belydende lidmate per predikant, geteisterde dele en enige besondere omstandighede in ag geneem word.
3.3.8.3 Die Part. Sinodes maak dan die finale toeseggings uit hulle eie sustentasiekasse (eie sustentasiefondse plus hulp uit die Sustentasiefonds) aan die kerke wat vir sustentasie in aanmerking kom.
3.3.8.4 Sustentasie word in die reël slegs gegee vir die onderhoud van 'n predikant en/of sendeling.

3.3.9 Uitkering uit die opbrengs:
Uitkerings aan die Part. Sinodes moet kwartaalliks vooruit gedoen word deur die Direkteur van die Administratiewe Buro slegs nadat:
3.3.9.1 'n Lys met die toegesegde bedrae aan kerke wat uit die opbrengs van die Sustentasiefonds hulp ontvang, aan hom verstrek is
3.3.9.2 Berig is deur die Part. Sinodes dat die kerk of kombinasie van kerke waaraan toeseggings gemaak is, 'n predikant verkry het en dat die omstandighede nie verander het nie. By vertrek van 'n predikant sal uitbetalings slegs geskied vir die tydperk waarin hy aan die kerk of kombinasie verbonde was.
3.3.9.3 Indien 'n kerk sustentasie ontvang het vir 'n tydperk na die datum waarop daardie kerk se verpligting tot onderhoud van die predikant beëindig is, moet daardie kerk die betrokke bedrag terugbetaal.

Besluit: Die Reglement word goedgekeur soos gewysig (wysigings reeds aangebring - Deputate Handelinge).

4. Opdragte
4.1 *Die Sinode benoem weer Deputate met die volgende opdrag:*
4.1.1 Maak volgens die Reglement van die Sustentasiefonds toeseggings uit die rente van die fonds
4.1.2 Bou die Sustentasiefonds uit.

Besluit: Goedgekeur.

C. AANVULLENDE RAPPORT DEPUTATE VIR ADVIES INSAKE TOESEGGINGS UIT DIE RENTE VAN DIE EEUFEESBEDIENINGSFONDS EN DUVENAGEFONDS

1. Opdrag
Die opdrag is in Acta 1994:270, 4.1; 322, 2.3.4.2 en 2.3.4.3.

Besluit: Kennis geneem.

2. Sake waarvan die Sinode moet kennis neem
2.1 Vir die stand van die Sustentasiefonds se kapitaal- en rentefonds word u verwys na die finansiële state van die Administratiewe Buro.
2.2 *Aansoeke:*
2.2.1 Die totale aansoeke deur 26 kerke by die Sustentasiefonds vir 1997 was R1 175 000 plus nog R149 264 vir agterstallige ramings. Dit is deur die Deputate verminder na R570 739 waarvan die Sustentasiefonds R502 250 gesustenteer het. Geen agterstallige ramings is gesustenteer nie as gevolg van 'n gebrek aan fondse.

Besluit: Kennis geneem.

3. Sake waaroor die Sinode moet besluit
3.1 *Toekennings:*

Part. Sinodes	Aantal kerke	1997
Noord-Tvl	3	67 114
Noordwes	1	61 600
Oos-Tvl	5	142 923
OVS Natal	3	40 984
Suidelike	6	91 933
Wes-Tvl	4	97 852
	22	502 406

3.2 *Aanbevelings*
3.2.1 Neem kennis van die toekennings wat gemaak is en keur die optrede van die Deputate goed.
3.2.2 Neem met groot dankbaarheid kennis van die mooi bydraes van kerke en lidmate.
Besluit: Goedgekeur.

18.2 RAPPORT VAN DIE BESTUUR VAN DIE ADMINISTRATIEWE BURO AAN DIE LEDE VAN DIE ADMINISTRATIEWE BURO (Artt.107,

Die gedeputeerdes is vir die doeleindes van hierdie Rapport lede van die Administratiewe Buro (vgl. die Reglement van die Administratiewe Buro van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika - Acta 1985:214, 5) en word so gekonstitueer.

A. Br. H.S.J. Vorster stel die Rapport.
B. **Besluit:** Die Rapport word verwys na die Finansiële Kommissie.
C. Oudl. J.J. Howell rapporteer namens die Kommissie.
D. RAPPORT:
1. Opdrag
1.1 Die volledige opdrag is in die Reglement van die Administratiewe Buro (Acta 1985:212) opgeneem. Die opdragte aan die Bestuur word in art.7 en dié aan die Dagbestuur in art.8 weergegee.
1.2 *Bykomende opdragte deur die Sinode gegee*
1.2.1 Die Bestuur moet Kerke en Klassisse besoek in sake agterstallige ramings
1.2.2 Rente moet volgens die besluit (Acta 1991:436, 7.1.2.4 en 7.1.2.5) op agterstallige ramings gehef word
1.2.3 Die reiskostetariewe soos nodig aanpas wanneer daar kosteverhogings is
1.2.4 Die benoeming van Raadslede vir die PU vir CHO namens die Administratiewe Buro (Trustees GKSA) doen
1.2.5 Finansiële voorsiening vir langverlof van personeel

1.2.6 Die Bestuur bepaal die begrotings vir 1995 en 1996 en stel die ramings vas soos besluit
1.2.7 Die Bestuur en alle Deputategroepe moet voortdurend kyk na moontlikhede om koste te bespaar sonder om die werk in die koninkryk te benadeel
1.2.8 Die Bestuur moet die moontlikheid ondersoek om self die administrasie van die GKSA Personeelpensioenfonds en die GKSA Predikantepensioenfonds te hanteer
1.2.9 Die fondsinsameling en beplanning vir die wysiging aan die hoofingang TSP moet nog steeds in oorleg met die Rektor (TSP) gedoen word.

Besluit: Kennis geneem van pte.1.1 tot 1.2.9.

2. Sake waarvan die ledevergadering kennis moet neem

2.1 *Benoemings:* Vir die hantering van sake is die volgende benoemings gemaak:
2.1.1 Beleggingsadviseurs: Die volgende persone is benoem en het ingewillig om die Dagbestuur by te staan met die hantering van die beleggings - brr. J.J. Howell, J. Greyling en L.P. Korsten. Die Bestuur het ook 'n Beleggingskomitee benoem wat die beleggings op 'n dag tot dag basis gehanteer het. Die Komitee het UAL en Syfrets as portefeuljebestuurders aangestel om die bates van die Emeritaatsfonds te hanteer.
2.1.2 Trustees vir die Pensioenfonds (personeel): Prof. J.H.P. van Heerden en br. G.G. Ebersohn met prof. L.A. van Wyk as sekundus is benoem.
2.1.3 Kommissie vir Eiendomme: Dr. B.J. de Klerk (v), dr. P.J. Snyman (skriba), die Direkteur en die Rekenmeester van die Administratiewe Buro, een lid benoem deur die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Noord en twee lede van die Teologiese Skool, Potchefstroom.
Aanbeveling: Kennis geneem van die benoemings. Die broeders wat in die onderskeie Kommissies gedien het, word bedank vir die werk wat gedoen is.
2.2 *Besoeke aan Kerke/Klassisse insake agterstallige ramings (Opdrag 1.2.1):* Die Bestuur en Dagbestuur het gereeld lede afgevaardig na Klassisse om die saak oor agterstallige ramings te stel. Meestal is positief gerapporteer oor pogings wat in werking gestel word sodat Kerke die agterstallige ramings kan betaal. Kerkrade behoort met meer erns aandag te gee aan agterstallige ramings. (Hieroor word verder onder 3.4 gerapporteer).
Aanbeveling: Kennis geneem. Dit bly 'n staande opdrag.
2.3 *Rente gehef op agterstallige ramings (Opdrag 1.2.2):* Die Sinodebesluit word steeds uitgevoer. By dié Kerke wat werklik probleme het om die ramings te betaal, word die kerke se finansiële verpligting net nog groter gemaak en agterstalligheid verder vergroot.
Aanbeveling: Kennis geneem. Die opdrag moet verder uitgevoer word.

2.4 *Aanpassing van reiskostetariewe (opdrag 1.2.3):* Daar is slegs een aanpassing gemaak en jongste vasstelling was soos volg:
2.4.1 Die waarde van 'n motor is van R50 000 tot R70 000 verhoog met die hoër koopprys.
2.4.2 Masjienkapasiteit is verminder na 1.8 liter.
2.4.3 Kostes:

- Kapitaal	R0.5993	per km
- Brandstof	R0.199	per km
- Onderhoud	R0.186	per km
	R0.9843	per km

2.4.4 Tariewe: Daar is weggedoen met die tarief van nie-gesubsidieerde motors en slegs die tarief van R0.98 per km word toegepas.
Aanbeveling: Kennis geneem. Dit bly 'n staande opdrag. Die Deputate wat per vliegtuig reis, moet ekonomiese klas reis.
2.5 *Benoeming van Raadslede - PU vir CHO (Opdrag 1.2.4):* Die Bestuur het drr. C.J. Smit (30/6/98) en C.J. Malan (tot 30/6/99) namens die Administratiewe Buro as Trustee van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika benoem vir die periode soos aangedui.
Aanbeveling: Kennis geneem. Die opdrag word gekontinueer.
2.7 *Finansiële voorsiening vir langverlof van personeel (Opdrag 1.2.5):* Voorsiening is gemaak in die 1997 boekjaar om langverlof aan personeel te betaal (kyk ook 3.1.2 van hierdie Rapport).
Aanbeveling: Kennis geneem.
Besluit: Kennis geneem van pte.2.1 tot 2.7 soos aanbeveel. Aan al die broeders word ‘n besondere woord van dank vir die werk van die afgelope drie jaar uitgespreek.
2.8 *Bepaling van die 1995 en 1996 begrotings en vasstelling van ramings (Opdrag 1.2.6):* In terme van 'n Sinodebesluit (Acta 1994:312, 3.7.2.1 en 3.7.2.3) het die Bestuur begrotings vir 1995 en 1996 opgestel en goedgekeur. Die Bestuur kon daarin slaag om die ramings vir 1995 met 16.9% te laat daal terwyl vir 1996 vir 'n ramingsverhoging van 4.7% begroot is.
2.8.1 'n Voorstel word gemaak dat die begrotingsjaar van die Administratiewe Buro verander word om saam met die finansiële boekjaar van die Buro te val (kyk 3.4.4.5 van hierdie Rapport).
Aanbeveling: Kennis geneem van 2.8.
Besluit: Kennis geneem.
2.9 Bestuur en alle Deputategroepe moet voortdurend moontlikhede ondersoek om koste te bespaar sonder om die werk in die koninkryk te benadeel. Die ledevergadering se aandag op die volgende gevestig:
2.9.1 Die pos van telefoniste is deur die gebruikmaking van nuwe tegnologie afgeskaf en mevrou J.J. Coetzee word nou aangewend in die pos van mevrou P.J. Tiearney wat gedurende 1996 afgetree het.
2.9.2 As gevolg van verhoogde tariewe is die tuindienste, wat voorheen deur 'n buite-instansie behartig is, nou weer deur die Administratiewe Buro oorgeneem.

Besluit: Die optrede van die Bestuur van die Admin. Buro word goedgekeur.

2.10 *Moontlike hantering van die administrasie van die GKSA Personeelpensioenfonds en die GKSA Predikantepensioenfonds (Opdrag 1.2.8):* As gevolg van 'n misverstand is daar nie uitvoering gegee aan hierdie opdrag nie. Die Administratiewe Buro het wel met die medewerking van br. B.G. Kukkuk die administrasie van die twee pensioenfondse behartig, maar is nooit formeel aangestel nie.

Aanbeveling: Kennis geneem.

Besluit: Kennis geneem maar nie na die Admin. Buro verwys nie.

2.11 *Gebouekompleks TSP:* Die fondsinsameling en beplanning vir die wysiging aan die hoofingang TSP moet nog steeds in oorleg met die Rektor (TSP) gedoen word (Opdrag 1.2.9): Daar is nie vir die uitgawes geraam nie en die fondsinsameling het nog nie gerealiseer nie; gevolglik kon die opdrag nog nie uitgevoer word nie.

Aanbeveling: Kennis geneem. Die opdrag word gekontinueer.

2.12 *Lenings aan Kerke:* Kerkrade is bewus dat lenings beskikbaar is. Lenings ter waarde van R218 427 is toegestaan aan die volgende kerke:

Potchefstroom Oos - R25 000
Brakpan-Suid - R70 000
Herstel van dak van die ou Teologiese Skoolsaal - R58 427
Port Elizabeth - R65 000

Aanbeveling: Kennis geneem.

Besluit: Kennis geneem van pte.2.11 en 2.12.

2.13 *Eiendomme*

2.13.1 Krugerskraal: Die eiendom word steeds onder kontrak teen 'n nominale huur verhuur. Die Deputate vir die Kerkargief en -musem is tevrede met die huurooreenkoms.

Aanbeveling: Kennis geneem. Die sake met betrekking tot Krugerskraal word deur die Deputate vir Kerkargief en -museum behartig.

Besluit: Goedgekeur.

2.13.2 Plase Venterskraal, Alberta/Kalkbult en Welverdiend

2.13.2.1 Die plaasverhuring van Welverdiend word nog deur die Gereformeerde Kerk Heidelberg gedoen tot voordeel van dié Kerkraad en die GKSA Sustentasiefonds.

2.13.2.2 Venterskraal, Alberta en Kalkbult: Die opbrengs van die verhuring word tot voordeel van die Studentekas aangewend. Die Bestuur het ook 'n waardasie van die plase laat maak om 'n aanduiding van die huidige markwaarde te kry (Julie 1995):

- Venterskraal (429 ha) - R210 000
- Alberta/Kalkbult (644 ha) - R315 000.

2.13.2.3 Beide plase is aan die huidige huurders te koop aangebied. Venterskraal is verkoop teen 'n bedrag van R220 000. 'n Verband ten bedrae van R120 000 terugbetaalbaar oor 3 jaar is aan die koper gegee. Vir die plase Alberta en Kalkbult het die huidige huurder ook 'n aanbod gemaak om te koop.

Aanbeveling: Kennis geneem.
Besluit: Kennis geneem.

2.13.3 Florida Park Besigheidskompleks

Die besigheidspersele van hierdie kompleks is ook finaal gedurende 1996 verkoop en die opbrengs in die Emeritaatsfonds gestort.

FLORIDA PARK SAKESENTRUM

1. Oorspronklike aankoopprys 30-06-1984			1 150 000
Plus:			233,128
- Herstelwerk		74 356	
- Hereregte		66 003	
- Herstelwerk		92 769	
			1 383 128

2.	Netto opbrengs	Huur-inkomste	Wins op verkope	Kapitaal terug	
-	30/6/87	240 330			
-	30/6/90	547 929			
-	30/6/93	543 780	573 901	815 678	(815 678)
-	30/6/95	264 134			
-	30/6/96	37 547			
		1 633 719	573 901	815 678	567 450

3. Verkope besigheidspersele	292 847	567 450	(567 450)
	866 748		NUL

4. Gemiddelde % netto-opbrengs: - 17.50%
Besluit: Die optrede van die Bestuur word goedgekeur.

2.14 *Studentelenings:* Die Bestuur gee baie ernstige aandag aan die agterstallige lenings van predikante wat reeds bevestig is asook studente wat nie hul studies voltooi het nie en, na etlike jare, nog geen poging aangewend het om hierdie studielenings terug te betaal nie.

Besluit: Goedgekeur met die volgende byvoeging: Uitstaande lenings deur persone wat nie predikante van die GKSA is nie, moet gevorder en indien nodig moet geregtelike stappe ingestel word. In die geval van predikante van die GKSA moet skrywes aan die kerkrade gerig word van die kerke waar die predikante in diens is.

2.15 Aftrede van br. L.J. Swart as Direkteur: Br. Lukas Swart het teen die einde van 1995 na bykans 25 jaar in diens van die Administratiewe Buro as gevolg van swak gesondheid afgetree. In die periode het hy sy taak met groot nougesetheid en ywer uitgevoer.

Besluit: Die vergadering bedank br. Swart vir die taak wat hy eervol volbring het en bid hom en sy eggenote 'n rustige en gesonde aftreetyd toe.

Besluit Goedgekeur met die versoek dat die Skriba van die Sinode ‘n skrywe aan die broeder rig en die Sinode se dank uitspreek.

3. Sake waaroor die ledevergadering moet besluit

3.1 *Personeelsake*

3.1.1 Langverlof van die personeel: Van die huidige personeellede van die Administratiewe Buro wat voor 1 Augustus 1991 aangestel is, was in terme van hul Diensreglement geregtig op langverlof vir elke vyf diensjare voltooi. Weens die rasionalisasieproses was dit net nie meer moontlik vir die Bestuur om hierdie voordeel gestand te doen nie. Praktiese werkreëlings is ook bemoeilik. Die Bestuur het in samewerking met die betrokke partye besluit om opgeloopte langverlof tot 31 Maart 1996 uit te betaal. In ruil is die siekteverlofvoordele van alle personeel verbeter om dit in lyn met huidige praktyk te bring.

Aanbeveling: Keur die aanpassing goed.

3.1.2 Salarisaanpassings: Die Bestuur volg 'n beleid om skaalaanpassings te maak en ook verhogings volgens meriete toe te staan. Aanpassings aan salarisse en salarisskale is vir 1995 (5%) en 1996 (5%) gemaak. Die Bestuur sal ook vir 1997 op die Oktober 1996 vergadering hieraan aandag gee.

Aanbeveling: Keur die aanpassings goed.

3.1.3 Opvolger in Direkteurs- en Rekenmeestersposte

3.1.3.1 Die voorstel wat aan Sinode 1994 (Acta 1994:288, 3.2.10.2) gemaak is, het nie gerealiseer nie as gevolg van die feit dat br. L.J. Swart gedwing is om teen die einde van 1995 weens gesondheidsredes te moet aftree. Br. H.S.J. Vorster is in die pos aangestel.

3.1.3.2 Na die aftrede van br. M.P.A. Coetsee as rekenmeester is br. D. Postma in die hoedanigheid aangestel.

Aanbeveling: Keur die aanstellings goed.

Besluit: Pte.3.1 tot 3.1.3.2 word goedgekeur.

3.1.4 RAPPORT VAN DIE TRUSTEES INSAKE GKSA PERSONEEL PENSIOENFONDS

Sake waarvan die Sinode kennis kan neem

1. Die fonds het in drie opsigte in die periode sedert die 1994-Sinode 'n aansienlike verandering ondergaan naamlik:

1.1 Die Trustees het besluit dat die administrasie van die fonds vanaf 1 Januarie 1995 deur die Administratiewe Buro behartig moet word in plaas van die versekeraar aangesien die stap heelwat koste bespaar het.

1.2 As gevolg van 'n volgehoue verhoging in die gemiddelde ouderdom van die lede, het die bydraekoers wat deur die werkgewers betaal moes word, 'n stygende tendens getoon. Die aftreevoordeel (2% X jare diens X gemiddelde salaris oor die laaste 18 maande van diens - die sogenaamde vaste voordelefonds) se bydraekoers is gevoelig vir sulke stygings. Om te voorkom dat daar verdere verhogings in die bydraekoers nodig word, het die Trustees besluit om ten opsigte van nuwe aanstellings van 1 Januarie 1995 af die aftreevoordeel te wysig na een wat nie vir gemiddelde ouderdom gevoelig is nie naamlik 'n vaste bydraefonds. Onder hierdie tipe fonds word 'n bydraekoers deur die werkgewer vasgestel wat nie verander nie tensy die werkgewer so besluit. Die fonds se aftreevoordeel is dan gelyk aan die akkumulasie van bydrae gedurende die lid se termyn. Die gemiddelde ouderdom

van 'n groep lede het dus nie 'n invloed op die lid se aftreevoordeel nie. Die rede waarom die bestaande lede (voor 1 Januarie 1995) se voordeel nie dienooreenkomstig gewysig is nie is dat daar geen waarborg aan hulle gegee kon word dat hulle na so 'n wysiging, nie swakker daaraan toe sou wees as voor die wysiging nie.
Verder het die koste van ongeskiktheidsvoordele ook gestyg en ten opsigte van nuwe lede (toetrede na 1 Januarie 1995) is die voordeel soos van toepassing op bestaande lede, nl.:
- 75% van die eerste R12 000 salaris per maand plus 50% van restant salaris tot 'n maksimum voordeel van R15 000 per maand betaalbaar tot ouderdom 65 verander na
- die kleinste van 68% van salaris en 75% van die eerste R12 000 salaris plus 50% van die restant salaris tot 'n maksimum voordeel van R12 000 per maand betaalbaar tot ouderdom 60.

Ten opsigte van die lede wat voor 1 Januarie 1995 aangesluit het, bly die lid- en werkgewersbydraekoers onveranderd op onderskeidelik 8% en 15,25% van salaris. Ten opsigte van nuwe toetreders (na 1 Januarie 1995) verander die bydraes van 7.5% en 12.5% onderskeidelik.
1.3 Die personeel van die Sinodale Deputate vir Diakonale Sake vorm die grootste deel van die ledetal van die fonds. Hul diensvoorwaardes bepaal dat die normale aftree-ouderdom 60 jaar is terwyl die normale aftree-ouderdom van die fonds 65 jaar is. Hierdie toedrag van sake het veroorsaak dat personeel van die Diakonale Sake wat voor 1 Januarie 1995 lid van die fonds was en wat op hul normale aftree-ouderdom aftree, ingevolge die reëls van die fonds, vroeg aftree met 'n gepaardgaande vermindering in hul voordeel. Die teenstrydigheid is toe uit die weg geruim deur die bepaling met betrekking tot vermindering by vroeë aftrede te wysig na geen vermindering nie by aftrede tussen die ouderdomme 60 en 65 jaar. Persone wat voor ouderdom 60 aftree se voordeel verminder steeds met 0,5% per maand van vroeë aftrede. (Lede na 1 Januarie 1995 word nie deur die wysiging geraak nie aangesien hulle voordeel te enige tyd gelyk is aan hul regmatige aandeel.)
2. Vir die jaar 1995 is die volgende eise deur die fonds betaal vergeleke met die jaar 1992:

ENKELBEDRAE	1992	1995
Sterfte	R 66 500	R 3 181
Uitdienstredings	277 779	102 305
Aftrede	172 506	309 648
PENSIOENE	R102 366 p.j.	R72 789 p.j.

Pensioenverhogings ten bedrae van 12% per jaar is gedurende 1995 aan pensioentrekkers toegestaan. Verder is daar op 1 Desember 1995 aan pensioentrekkers 'n eenmalige bonus betaal gelyk aan maand se pensioen met 'n minimum van R100.
3. Alle gelde vir belegging is deur Sanlam belê. Die markwaarde van die bates van die fonds soos op 31 Desember 1995 was soos volg:

	1992	1995
Gewaarborgde Portefeulje	R 1 824 642	R2 211 298
Markwaarde Portefeulje (100+)	3 097 128	4 099 792
Markwaarde Portefeulje (200+)	208 007	2 035 100
	R 5 129 777	R8 346 190

Die beleggingsopbrengs van die fonds vir die jaar 1995 was gelyk aan 17%.

4. 'n Opsomming van die aktuariële waardering vir die drie jaar tot 1 Januarie 1996 is soos volg:

AKTUARIëLE WAARDERING VAN DIE GKSA PERSONEEL PENSIOENFONDS SOOS OP 1 JANUARIE 1996

1. Inleiding
Die driejaarlikse Aktuariële Waardering van die GKSA Personeel Pensioenfonds (die Fonds) soos op 1 Januarie 1996 is pas voltooi. 'n Volledige verslag in die verband is aan die Trustees van die GKSA Personeel Pensioenfonds voorsien.
'n Opsomming van die belangrikste besonderhede, resultate en bevindinge van die verslag word hierna vir die inligting van lede en ander belanghebbendes verskaf.
2. Besonderhede van die Fonds
2.1 Die voordele wat ten opsigte van lede wat voor 1 Januarie 1995 tot die Fonds toegetree het, gebied word, word op 'n betrokke lid se pensioengewende diens en salaris soos wat dit van jaar tot jaar toegepas word, gebaseer.
2.2 Vanaf 1 Januarie 1995 word 'n regmatige aandeel ten opsigte van elke nuwe toetrede in die Fonds geakkumuleer. By aftrede word die regmatige aandeel aan die lid beskikbaar gestel. Die lid kan dan tot 'n maksimum van een-derde in kontant neem terwyl die balans by 'n versekeraar van die lid se keuse aangewend moet word ten einde 'n pensioen vir die lid aan te koop. Die werkgewerbydraekoers is terselfdertyd ten opsigte van alle nuwe toetrede na 12.5% van salarisse verlaag.
2.3 Die ledetal van die Fonds het gedurende die periode 1 Januarie 1993 tot 1 Januarie 1996 van 373 lede na 238 lede afgeneem terwyl die totale salarisrol van R6 134 000 na R3 937 000 verlaag het.
2.4 Die aantal pensioentrekkers het gedurende dieselfde periode van 32 na 39 toegeneem. In totaal word pensioene van R177 000 per jaar tans deur die Fonds betaal in vergelyking met R122 000 op die vorige waarderingsdatum.
2.5 Die markwaarde van die bates van die Fonds het gedurende hierdie periode van R5 130 000 tot R8 346 000 toegeneem.

3. Finansiële stand van die Fonds
3.1 Die resultate van die Aktuariële Waardering toon dat die verpligtinge van die Fonds ten opsigte van bestaande pensioentrekkers

en ten opsigte van die verstreke dienstydperk van bestaande lede soos volg met die bates van die Fonds vergelyk:

Verpligtinge ten opsigte van aktiewe lede	R4 199 000
Verpligtinge ten opsigte van bestaande pensioentrekkers	R1 602 000
Totale verpligtinge	R5 801 000
Minus waarde geplaas op bates	R7 487 000
Surplus ten opsigte van verstreke diens	R1 686 000

Dit beteken dat die afgelope verpligtinge van die Fonds met sowat 129% deur bestaande bates gedek word, teenoor die vereiste van 100% wat deur die Registrateur van Pensioenfondse gestel word.
3.2 Sover dit die verpligtinge betref wat sal spruit uit diens wat nog in die toekoms deur lede gelewer sal word, toon die resultate dat indien die huidige lid- en werkgewerbydraes gehandhaaf sou word, dit tesame met die surplus ten opsigte van verstreke diens meer as voldoende behoort te wees om vir die verwagte toekomstige verpligtinge van die Fonds voorsiening te maak.
3.3 Dit is duidelik uit die bovermelde resultate dat die Fonds tans in 'n gesonde finansiële toestand verkeer, en dat hierdie gesonde posisie ook in die toekoms gehandhaaf behoort te kan word.
Charles Erasmus B.Sc FIA
Aktuaris

Die volledige verslag verskyn as ongepubliseerde Bylae.

5. 'n Opsomming van die ouditverslag vir die jaar tot 31 Desember 1995 is soos volg:

GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA PERSONEEL PENSIOENFONDS
REGISTRASIENOMMER: 12/8/21398
BYLAE - D

VERSLAG VAN DIE ONAFHANKLIKE OUDITEUR AAN DIE TRUSTEES VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA PERSONEEL PENSIOENFONDS

Ons het die finansiële jaarstate uiteengesit op bladsye 1 tot 8 geouditeer. Hierdie finansiële state is die verantwoordelikheid van die Pensioenfonds se Trustees. Dit is ons verantwoordelikheid om oor hierdie finansiële state verslag te doen.
Ons het ons oudit ooreenkomstig algemeen aanvaarde ouditstandaarde uitgevoer. Hierdie standaarde vereis dat ons dit oudit beplan en onderneem om redelike versekering te verkry dat, in alle wesenlike aspekte, billike aanbieding in die finansiële state bereik is. 'n Oudit behels 'n evuluering van die geskiktheid van die rekeningkundige beleid, 'n ondersoek, op 'n toetsgrondslag van bewyse wat die bedrae en openbaarmaking wat in die finansiële state ingesluit is steun, 'n beoordeling van die redelikheid van beduidende ramings en 'n

oorweging van die algehele aanbieding van die finansiële state. Ons is van mening dat ons ouditprosedures in die omstandighede geskik was om ons mening, wat hieronder aangebied word, uit te spreek.
Na ons oordeel word die netto bates van die fonds op 31 Desember 1995 en die resultate van sy bedrywighede vir die jaar geëindig op daardie datum, in ooreenstemming met algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk en die statute van die fonds en op die wyse vereis by die Wet op Pensioenfondse, 1956, redelik deur genoemde state weergegee.
Bezuidenhout en Steyn
Geoktrooieerde Rekenmeesters (S.A.)

Die volledige verslag verskyn as ongepubliseerde Bylae.

Besluit: Neem kennis van al die punte hierbo.

Besluit: Die optrede van die Bestuur word goedgekeur.

3.2 *Uitstaande bedrae*

3.2.1 Agterstallige ramings: In aanvulling tot wat in 2.2 gerapporteer is, kan gemeld word dat die state met aanduidings van agterstallige ramings gereeld na Klassisse gestuur is. Die Bestuur het tweekeer reëlings getref om Klassisse te besoek. Daar is ook 'n spesifieke brief aan predikante gestuur met die dringende versoek dat die predikant self die saak van agterstallige ramings met die Kerkraad opneem. Die totale bedrae van ramings uitstaande was soos volg:

	Bedrag	Toename
30 Junie 1993	R2 298 229.62	
30 Junie 1994	R2 644 426.59	(15.06%)
30 Junie 1995	R2 714 710.21	(2.65%)
30 Junie 1996	R2 876 015.68	(5.94%)

Daar was dus 'n sterk toename in uitstaande bedrae van 30-6-93 tot 30-6-94. Tot en met 30 Junie 1995 was die toename nie so groot nie, maar het dit weer in die volgende jaar (30 Junie 1996) vinniger begin groei.

3.2.2 Mediesefondsledegeld: Met die uitsondering van 35 Kerke is al die Kerke ingeskakel by die debietorderstelsel vir die betaling van predikante se mediesefondsledegeld. Sommige van hierdie Kerkrade raak gereeld agterstallig met die betaling van hierdie verpligtinge en plaas gevolglik 'n addisionele administratiewe en finansiële las op die Administratiewe Buro wanneer ledegelde maandeliks oorbetaal moet word.

Gevolgtrekking: Die metode om agterstallige bedrae onder aandag van Klassisse te bring, lewer wel resultate maar nie sodanig dat die agterstallige bedrae drasties verminder nie. Daarom sal dit nodig wees dat die ledevergadering meer drastiese stappe/reëlings sal tref. Die probleem is dat die Administratiewe Buro nie werklik teen Kerke kan optree nie.

Aanbevelings:

Ramings

1. Die Bestuur het skrywes aan Kerkrade en Klassisse gerig met die versoek om nie net aanduidings te gee wat die oorsaak van die agterstallige ramings was nie, maar ook oplossings aan die hand te doen hoe die probleem opgelos kan word.
Aanbeveling: Kennis geneem.
Besluit: Kennis geneem.
Mediesefondsledegelde
2. Alle Kerkrade moet die mediesefondsledegeld deur die debietorderstelsel betaal.
3. Rente moet gehef word op agterstallige mediesefondsledegeld en na drie maande sal die predikant se mediese lidmaatskap gekanselleer word.
Aanbeveling: Keur aanbevelings 2 en 3 goed.
Besluit: Goedgekeur.
3.3 *Finansiële sake*
3.3.1 Boekverkope: Gedurende 1995 het 'n Kommissie insake rasionalisering by die Administratiewe Buro die volgende bevind:
3.3.1.1 Indien rente op die voorraad in berekening gebring word, dit 'n verlies tot gevolg het.
3.3.1.2 Op grond van dié voorraad en verkoopsyfers geoordeel, moet daar beter beheer wees oor voorraad en voorrraad-grootte. Daar moet egter gelet word op die volgende:
3.3.1.2.1 Die Administratiewe Buro is nie 'n gewone boekwinkel nie en daarom kan die gewone besigheidskriteria nie ten volle toegepas word nie.
3.3.1.2.2 Die Sinode gee opdragte aan Deputate. Dié Deputate moet die opdragte uitvoer, bv. Katkisasieboeke, KO-boekies, Psalmboeke, boeke deur TSP-professore, ens. uitgee. Die voorraad kan gevolglik nie jaarliks omgesit word nie want die hoeveelheid wat gedruk word, hou verband met aanvraag, koste en veroudering.
3.3.1.2.3 Om die omset op te stoot word daar ook ander publikasies aangebied om die kerkverband van diens te wees. Dié diens aan Kerke en lidmate kan nie net in geld gemeet word nie, maar die koste van die diens moet uitgespel word.
Om koste te beperk word **aanbeveel** dat:
3.3.1.2.4 Die Direkteur moet saam met die betrokke Deputate besluit oor kostes en veral oor hoeveelhede van publikasies en of daar wel 'n mark vir die betrokke publikasie bestaan.
3.3.1.2.5 Alle boeke wat nie binne 12 maande verkoop nie, word onder beheer van die Direkteur geplaas en die voorraad word, waar nodig, in oorleg met die Deputate, verminder deur dit ten beste voordeel te verkoop of anders aan te wend.
Aanbeveling: Keur die aanbeveling goed.
Besluit: Goedgekeur.
3.3.2 Kerkordeboekies: Die Bestuur het 'n versoek van die Deputate Kerkordeboekie ontvang om fondse beskikbaar te stel vir die druk van 'n hersiene Kerkordeboekie. In die lig van die voorraad Kerkordeboekies by die Administratiewe Buro (waarde ongeveer R8 000) plus beraamde drukkoste van ongeveer R13 000, kon die Bestuur

nie die koste regverdig nie en is die Deputate versoek om ondersoek in te stel of die huidige Kerkordeboekie nie op een of ander wyse gebruik kan word nie.
Aanbeveling: Keur die optrede van die Bestuur goed.
Besluit: Optrede van die Bestuur word goedgekeur.
3.3.3 Hammanskraalse Teologiese Skool: Die ouditeursfirma Grobler en De Klerk het die finansiële state van die HTS soos op 31 Januarie 1995 gekwalifiseer. Verder rapporteer dié firma dat die laaste geouditeerde finansiële state vir die "Trust vir die beheer van die Opleidingsfonds van die Hammanskraalse Teologiese Skool" opgestel is op 30 Junie 1993. Die Kuratore sal self oor die aangeleentheid rapporteer. (Kyk Ongepubliseerde Bylae A vir die jongste verslag van ouditeure Grobler en De Klerk.)
Aanbeveling: Kennis geneem.
Besluit: Kennis geneem.
3.3.4 Begrotings van die Administratiewe Buro: Die begrotings van die Sinode word per kalenderjaar (1 Januarie tot 31 Desember) opgestel en verskil dus van die finansiële jaar (1 Julie tot 30 Junie) van die Administratiewe Buro.
3.3.4.1 Die Sinode het aan die Bestuur opdrag gegee (Acta 1994:312, 3.7.2) om die begrotings te ontvang en daarvolgens ramings vas te stel.
3.3.4.2 Die ramings word in Oktober vasgestel op statistieke wat gedurende Meimaand van elke jaar versamel is.
Aanbeveling: Kennis geneem.
Besluit: Kennis geneem.
3.3.4.3 Die Sinode word versoek om die volgende voorstelle goed te keur en in die Reglement van die Administratiewe Buro op te neem.
3.3.4.4 Die opdrag aan die Bestuur van die Administratiewe Buro om die begrotings en ramings te hanteer word gekontinueer.
3.3.4.5 Die begrotingsjaar word by die finansiële jaar aangepas. Dit sal veral die rekenkundige aanpassing van werklike- en begrotingsyfers uitskakel.
3.3.4.6 Die begrotings en ramings word gedurende April van elke jaar gehanteer nadat die statistiekvorms soos op 31 Maart teen 30 April by die Administratiewe Buro ontvang is.
Alle inligting en begrotings moet teen 30 Junie verwerk wees sodat ramingsrekenings teen 1 Julie in besit van kerkrade kan wees.
Besluit: Die optrede van die Bestuur word goedgekeur.
3.3.4.7 Voorgestelde tydskedule.
3.3.4.7.1 Die begroting wat gedurende Oktober 1996 opgestel en die ramings wat daarvolgens bepaal is, geld tot Junie 1997.
3.3.4.7.2 Die Sinode van 1997 behandel die Rapport en keur dit goed.
3.3.4.7.3 Die statistiekvorms word gedurende Februarie 1997 uitgestuur vir voltooiing soos op 31 Maart 1997.
3.3.4.7.4 Die Bestuur verkry gedurende April 1997 begrotings van alle Deputate asook die Kuratore van die TSP vir die boekjaar 1 Julie 1997 tot 30 Junie 1998.
3.3.4.7.5 Die Bestuur keur die begrotings en ramings vir die finansiële jaar gedurende Mei 1997 goed. Inligting word voor 30 Junie 1997 aan

Kerkrade verskaf (kyk ongepubliseerde Bylae B vir oorspronklike voorlegging aan die Bestuur).
Aanbeveling: Keur die aanbeveling goed.
Besluit: Goedgekeur.
3.3.5 Begroting Sinode 1997: Die Bestuur het gekyk na die verwagte kostes van Sinode 1997.

Inkomste	
Ramings vir 1994 - 1996 ontvang	R 257 040
Opgehoopte fonds in Sinodale Kas 30-06-96	255 138
Verwagte koste:	
Verblyf	150 852
Reiskoste van Afgevaardiges	80 000
Ekstra personeel, skryfbehoeftes en druk van Agenda	25 000

Die volgende is aan die Partikuliere Sinodes deurgegee:
3.3.5.1 Verblyf: Dat aan persone wat privaat bly, R30.00 per dag betaal word vir etes.
3.3.5.2 Reiskoste:
3.3.5.2.1 'n Vaste kilometertarief word betaal, nl. R0.98c per km.
Besluit: Reiskoste verhoog na R1.00 per km.
3.3.5.2.2 Vir elke passasier word 5c per km bykomend betaal.
Besluit: Verhoog reiskoste per passasier na 0.05 per km na 0.08 per km.
3.3.5.2.3 Afgevaardiges wat saam met ander afgevaardiges kon gery het, kry net 50% van die kilometertarief. **Geen uitsonderings word gemaak nie**.
3.3.5.2.4 Afgevaardiges wat na hulle tuiste gedurende die Sinodesitting terugkeer, kry geen reiskostevergoeding vir die betrokke rit nie.
3.3.5.2.5 Afgevaardiges wat nie die volle sitting kan bywoon nie, moet verkieslik die sekundus van die begin in sy plek laat kom.
Besluit: Die optrede van die Bestuur van die Admin. Buro word goedgekeur.

4. Opdragte aan volgende Bestuur
4.1 Die opdragte soos in die Reglement van die Administratiewe Buro (1.1).
4.2 Besoeke en optrede oor agterstallige ramings (2.2).
4.3 Rente op agterstallige ramings (2.3).
4.4 Aanpassing van reiskostetariewe (2.4).
4.5 Benoeming van Raadslede - PU vir CHO (2.5).
4.6 Die Bestuur bepaal die begrotings vir 1998 en 1999 en stel die ramings vas.
4.7 Die Bestuur en alle Deputategroepe moet voortdurend kyk na moontlikhede om koste te bespaar sonder om die werk in die koninkryk te benadeel.
4.8 Alle beskikbare kontantfondse onder beheer van die Admin. Buro moet deurlopend belê word om die opbrengs te maksimaliseer.

4.9 Toedeling van die opbrengste van beleggings moet noukeurig en korrek toegedeel word sodat kruissubsidiëring tussen Trustfondse nie voorkom nie.
Aanbeveling:
Die opdragte word goedgekeur en verdere opdragte word, indien nodig, hier bygevoeg.
Besluit: Goedgekeur. (Bykomende opdragte reeds bygevoeg - Deputate Handelinge.)

5. Aanvullende Rapport.
'n Aanvullende Rapport sal ingedien word.
Besluit: Kennis geneem.

E. AANVULLENDE RAPPORT BESTUUR VAN DIE ADMINISTRATIEWE BURO

1. Opdragte
Vergelyk Agenda:112.
Besluit: Kennis geneem.

2. Sake waarvan die ledevergadering moet kennis neem
2.1 *Agterstallige ramings:* Na aanleiding van die skrywes wat aan Kerkrade en Klassisse gerig is, is baie goeie reaksies ontvang. Die agterstallige ramings tot Junie 1996 gehef, sal op die laatste moontlike datum aan die Sinode verskaf word.
Aanbeveling: Kennis geneem.
2.2 *Bedanking van Rekenmeester:* Br. D. Postma het gedurende Oktober 1996 die diens van die Administratiewe Buro verlaat. Die pos word nie gevul nie en die rekenmeesterspligte is tussen twee van die huidige personeellede verdeel met die voorbehoud dat sou die werkslas te groot wees, die aangeleentheid heroorweeg kan word.
Aanbeveling: Kennis geneem.
2.3 *Plase Alberta en Kalkbult:* Die eiendom is gedurende Oktober 1996 vir 'n bedrag van R310 000 van die hand gesit. Waarborge is reeds gelewer.
Aanbeveling: Kennis geneem.
2.4 *Beleggingskomitee:* Die Komitee het aan die volgende aandag gegee:
2.4.1 Beleid: Daar word, soos in die verlede, steeds 'n langtermyn-siening geneem oor die beleggings.
2.4.2 Aanstelling van beleggingsdeskundiges/finansiële instansies om die portefeulje te behartig:
2.4.2.1 Op 30 Junie 1994 het die markwaarde van die bates van die Emeritaatsfonds R28 747 289 beloop wat as volg saamgestel was (R'000): (Vergelykende gegewens soos op 30 Junie 1993 word ook gegee:

	30/6/93	% van totaal	30/6/94	% van totaal

Aandele	3 428	15,2	5 675	19,7
Effekte	12 805	56,7	14 861	51,7
Vaste eiendom	567	2,5	568	2,0
Likiede bates	4 210	18,7	5 845	20,3
Debiteure	1 563	6,9	1 798	6,3
TOTAAL	**22 573**	**100**	**28 747**	**100**

2.4.2.2 Die Bestuur het van 1 Desember 1994 die bates van die Emeritaatsfonds oorgedra na twee professionele Batebestuurders naamlik UAL en Syfrets. Die batesamestelling van die van die fonds soos op 1 Julie 1996 was soos volg (R'000):

	Syfrets	UAL	Direk	Totaal	%van totaal
Aandele	8 794	13 529	-	22 323	63,6
Vaste eiendom	3 546	4 392	-	7 938	22,6
Likiede bates	906	1 623	157	2 686	7,7
Debiteure	376	34	1 741	2 151	6,1
TOTAAL	**13 622**	**19 578**	**1 898**	**35 098**	**100**

2.4.2.3 'n Beleggingsopbrengs van gemiddeld 15,6% per jaar op die markwaarde van die bates van die Emeritaatsfonds is vir die tydperk 1 Julie 1994 tot 30 Junie 1996 behaal. Die effektiewe opbrengs vanaf 1 Desember 1994, toe die bates deur die Batebestuurders oorgeneem is, tot 30 Junie 1996 was onderskeidelik 13,2% vir bates onder beheer van UAL en 16.2% vir Syfrets.

2.4.2.4 Florida Park Sakesentrum

Die eiendom is finaal gedurende 1996 verkoop en die opbrengs in die Emeritaatsfonds gestort. 'n Gemiddelde opbrengs van die belegging van 17.5% is behaal (kyk ook art.2.13.3 van die Rapport van die Bestuur in die Agenda).

Aanbeveling: Kennis geneem.

2.5 Die Bestuur het besluit om die Ou Teologiese Skool aan die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Noord te verkoop vir 'n bedrag van R150 000. In die koopkontrak sal 'n terugvalklousule na die Administratiewe Buro ingesluit word. Verder word voortdurende vrye gebruik van die saal, klaskamers by die saal en die kerkgebou van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Noord deur die TSP personeel en studente gewaarborg (kyk ongepubliseerde Bylae vir voorlegging).

Besluit: Die optrede van die Bestuur van die Admin. Buro word goedgekeur.

3. Sake waaroor die ledevergadering moet besluit

3.1 *Begrotings*

3.1.1 Begrotings van verskillende Deputategroepe

		Notas
Begroting Kerkargief		
Indeksering	2 000	Betaling vir indeksering van *Die Kerkblad*

Salarisse	31 727	Dames by die Argief se salarisse - Kan niemeer as tydelike poste gehanteer word nie
Skryfbehoeftes	2 759	Kartonne waarin dokumente geliasseer word, word nou baie duur
Totaal	36 486	

Begroting vir die Kerkmuseum		**Uit opgehoopte fondse**
Skryfbehoeftes en telefoon	1 750	
Verbruiksmateriaal	2 000	Materiaal as agtergrond vir uitstallings
Reiskoste - Burgersdorp	2 000	
Weerligafleier - Krugerskraal	5 500	
Salaris Kurator en tydelike Assistente	12 000	Salarisse van Kurator en addisionele persoon
	23 250	

Opmerking deur die Bestuur

Die Sinode word gevra om indringend aandag te gee of hierdie uitgawes werklik nodig is in die lig van gemeentes se groeiende finansiële las. Daar was in die begin van 1996 navraag om die gebou te huur

Sendingdeputate

Een Konferensie	667
Een Seminaar	667
	1 334

Opmerking deur die Bestuur

Die Bestuur vra die Sinode om aandag te gee aan die wenslikheid van die voor bestaan van hierdie Deputategroep in die lig van die verantwoordelikheid van die plaaslike kerke

Gesprek met NG en NH Kerke

Ontvangs - NGK te Potchefstroom	400
Ontvangs - NHKA te Potchefstroom	400
Ontvangs - APK te Potchefstroom	400
Intekening op *Die Kerkblad* (24)	1 400
Drukwerk en duplisering	200
	2 800

Christelike Onderwys

Korrespondensie	250
Nasionale IKOO-bydrae	2 500
	2 800

CJBF

Opmerking deur die Bestuur

Die Bestuur beveel aan dat die Institusie van Calvyn (die grootste enkele bate van hier-die Deputate) aggressief onder die vier Afrikaanse Kerke bemark word en desnoods teen 'n verlies van die hand gesit word.

Die Deputate beskik reeds oor eksemplare van die volgende boekies, maar fondse ontbreek om dit te publiseer.

Die beraamde koste per oplaag van 1 000 beloop:

Nag my kind	15 000
Hoe boekie-reeks: Boekie	5 300
	20 300

Die aanduidings is dat hierdie boekies baie gewild sal wees

Jeugdeputate

Samesprekings met NGK	100
Voorskot vir publikasies	1 000
	2 100

Besluit:

3.2 *Die Bestuur adviseer die Pre-advies Kommissie vir Finansies soos volg rakende die begrotings van reiskoste*

3.2.1 Elke Deputategroep moet self vir reiskoste begroot, in teenstelling met die huidige gebruik om alle reiskoste uit die Sinodale Kas te betaal, ten einde beheer te verbeter.

3.2.2 Die Administratiewe Buro begroot ook 'n bedrag vir reiskoste. Uit hierdie begroting kan Deputategroepe dan gehelp word waar reiskoste die begroting gaan oorskrei.

3.2.3 Waar Deputategroepe hulle reiskoste gaan oorskrei, moet 'n aansoek aan die Bestuur van die Administratiewe Buro gerig word om 'n vooraf goedkeuring daartoe te verkry.

3.2.4 Hierdie reëling moet in die volgende finansiële jaar geïmplementeer word.
3.2.5 Die Bestuur adviseer verder dat Deputate in gastehuise oornag waar die tipe fasiliteite bestaan.

Besluit: Die optrede van die Bestuur van die Admin. Buro word goedgekeur.

F. Finansiële State Administratiewe Buro:

Besluit: Die state soos voorgelê word goedgekeur.

G. Begroting en ander finansiële sake

1. Spesifieke Aanbevelings oor die Begroting:

1.1 Die Ledevergadering oorweeg die volgende Begroting vir die periode 01 Januarie 1997 tot 30 Junie 1997.

	WERKLIK 1996	Per Belydende Lidmaat (78,000) per jaar	BEGROTING 1997 12 MAANDE 1/1/1997 31/12/1997	Per Belydende Lidmaat (77,000) per jaar	BEGROTING 1997 6 MAANDE 1/1/1997 30/6/1997	Per Belydende Lidmaat (77,000) per jaar	BEGROTING 1997/98 12 MAANDE 1/7/1997 30/6/1998	Per Belydende Lidmaat (76,500) per jaar	VERANDERING % Begroot/ Werklik
ADMINISTRATIEWE BURO	726,024	9.31	615,063	7.89	302,689	7.76	645,819	8.44	-11.05
EMERITAATSFONDS (MEDIES)	429,000	5.50	550,000	7.14	288,000	7.48	634,000	8.29	47.79
KERKARGIEF	25,030	0.32	36,486	0.47	18,243	0.47	38,310	0.50	53.06
PU vir CHO	58,000	0.74	62,000	0.81	31,000	0.81	65,100	0.85	12.24
SINODALE KAS	412,576	5.29	423,707	5.50	218,768	5.68	466,737	6.10	13.13
TSP	1,735,059	22.24	1,431,426	18.59	715,713	18.59	1,431,426	18.71	-17.50
TOTAAL VOOR EMM. FONDS BYD.	3,385,689	**43.41**	3,118,682	**40,50**	1,574,413	**40.37**	3,281,392	**42.07**	**-3.08**
EMERITAATSFONDS (GEMID)	3,900,000	**50.00**	4,259,695	**55.00**	2,129,848	**55.00**	4,472,680	**58.47**	**14.68**
TOTAAL	**7,285,689**	**93.41**	**7,378,377**	**95,50**	**3,704,261**	**95.37**	**7,754,072**	**100.54**	**6.43**
				Raming per bel/lid 1/2 jr:		**47.68**			

Aanbeveling: Goedgekeur.

Besluit: Goedgekeur.

1.2 Die Lede vergadering neem die voorgestelde begroting vir die periode 01 Julie 1997 tot 30 Junie 1998 ter insae.

Aanbeveling: Kennis geneem.

Besluit: Kennis geneem.

1.3 Die Ledevergadering gee opdrag aan die Bestuur van die Administratiewe Buro om alle toekomstige begrotings so op te stel dat die totaal van die opgeloopte fonds altyd gelyk aan die bedrag van die agterstallige ramingskomponent van die Administratiewe Buro sal bly.
Aanbeveling: Goedgekeur
Besluit: Goedgekeur.
1.4 Verpligte kollektes vir 1997:

Bybelverspreiding:	1
Emeritaatsfonds	7
GKSA Sustentasiefonds	5
TSP Studentekas	7
Die Kerkblad	1

Aanbeveling: Goedgekeur
Besluit: Goedgekeur.
1.5 Glyskaal vir Ramings - Emeritaatsfonds
Wysig om soos volg te lees:

Lidmate per predikant	Emeritaatsfonds ramings per belydende lidmaat Per jaar	Per halfjaar
0-50	0	0
51-75	0	0
76-100	0	0
101-125	0	0
126-150	12,00	6,00
151-175	26,43	13,22
176-200	36,06	18.03.
201-225	44,44	22,22
226-250	50,45	25,23
251-300	60,09	30,05
301-350	67,27	33,64
351-400	72,07	36,04
401-450	75,68	37,84
451-500	79,28	39,64
501-550	81,68	40,84
551-600	84,08	42,04
601 +	86,48	43,24
Vakant	55,00	27,50

Aanbeveling: Goedgekeur
Besluit: Goedgekeur.

2. Algemene Aanbevelings uit Finansiële State:
2.1 *Belegging van Surplus Fondse in Rente- en Waardebeleggings*
2.1.1 Beredenering
Aangesien daar voortdurend kontantbedrae tot krediet van die Administratiewe Buro is en beskikbaar is vir belegging is dit wenslik om van hierdie fondse ook in waarde beleggings te mag belê, en nie

net in daggeld- of ander kontantdeposito's nie, om sodoende die opbrengs van hierdie fondse te maksimaliseer.
Aanbeveling: Goedgekeur.
Besluit: Goedgekeur.
2.2 *Samestelling van Bateregisters*
2.2.1 Beredenering
Aangesien beide die Administratiewe Buro en die TSP oor 'n verskeidenheid bates beskik, is dit vir goeie beheer, asook om administratiewe- en finansiële rekorddoeleindes, wenslik dat volledige bateregisters opgestel en behoorlik bygehou word.
Aanbeveling: Goedgekeur.
Besluit: Goedgekeur.

2.3 *Kundige insette oor die Belegging van fondse van*
Emeritaatstrust (Emeritaatsfonds); GKSA Predikante Pensioenfonds en Fondse onder bestuur van die Administratiewe Buro:
2.3.1 Beredenering
Die Ledevergadering stel die bestuur van die Buro so saam dat daar beleggingskundiges is wat betrokke is met die doel om die beleggingsopbrengste op alle fondse te maksimeer.
Die fondse in die Emeritaatsfonds het die grootste gedeelte uitgemaak van die fondse onder beheer van die Bestuur van die Administratiewe Buro. 'n Besluit om die beheer oor die Emeritaatsfonds oor te dra na die Trustees van die Emeritaatstrust het daartoe aanleiding gegee dat die Trustees van die fondse nou alleen die verantwoordelikheid oorgeneem het vir die belegging van die fondse.
Sinode 1994 het die beheer oor die belegging van fondse van die GKSA Predikante Pensioenfonds by daardie Trustees geplaas.
Om die voordeligste bedinging en goeie gebruik van die kundige beleggingsadviseurs van die Administratiewe Buro te maak, word voorgestel dat:
Die Trustees van die Emeritaatstrust en die GKSA Predikantepensioenfonds die advies van die beleggingsadviseurs gebruik by alle sake wat gaan oor:
1. Die aanstelling van beleggingsbestuurders;
2. Die verdeling van die fondse tussen die beleggingsbestuurders.
3. Terugrapportering, meting van die beleggingsopbrengsprestasie en insette oor die beleggingstrategie wat gevolg moet word met die fondse.
Aanbeveling: Goedgekeur.
Besluit: Goedgekeur.

3. Sake waarvan die Ledevergadering kennis moet neem:
3.1 Die ledevergadering se aandag word gevestig op die tydskedule soos aangetoon in die Rapport. Punt 3.3.4.7.1 tot 3.3.4.7.5 wat die volgende beteken:
3.1.1 Die voorgestelde begroting (punt 2.1 hierbo), wat deur die ledevergadering goedgekeur moet word, dek die periode vanaf 01 Januarie 1997 tot 30 Junie 1997.

3.1.2 Statistiekvorms word gedurende Februarie 1997 uitgestuur vir voltooiing soos op 31 Maart 1997 en daarna op dieselfde datum van elke jaar.
3.1.3 Die Bestuur van die Administratiewe Buro verkry gedurende April van elke jaar begrotings van alle deputategroepe en kuratore van die TSP, waarin daar afsonderlik ook vir reiskoste voorsiening gemaak met word, asook van die Kuratore van die TSP vir die boekjaar wat jaarliks sal strek vanaf 01 Julie tot 30 Junie van die daaropvolgende jaar.
3.1.4 Die Bestuur van die Administratiewe Buro oorweeg en keur die begrotings en ramings vir die volgende finansiële jaar reeds gedurende Mei van elke jaar goed. Inligting oor die goedgekeurde begroting en ramings word voor 30 Junie van elke jaar aan alle Kerkrade verskaf.
Aanbeveling: Kennis geneem
Besluit: Kennis geneem van die hele punt 3.

4. Opdragte aan Bestuur van die Administratiewe Buro
4.1 Die Ledevergadering gee aan die Bestuur van die Administratiewe Buro die volgende opdragte:
4.1.1 Die opdragte soos in die Reglement van die Administratiewe Buro (verw. Acta 1985:212 - Die opdragte aan die Bestuur word in artikel 7 en dié aan die Dagbestuur in art. 8 weergegee).
4.1.2 Besoeke en optrede ten opsigte van agterstallige ramings (pt.2.2).
4.1.3 Rente op agterstallige ramings (pt.2.2).
4.1.4 Optrede ten opsigte van agterstallige Mediesefondsbydraes. (pt. 2.14)
4.1.5 Rente op agterstallige Mediesefondsbydraes. (pt. 2.14)
4.1.5 Aanpassing van reiskostetariewe (pt.2.2.24 tot 2.25).
4.1.6 Benoeming van Raadslede - PU vir CHO (pt.2.2).
4.1.7 Die Bestuur keur die begroting goed en stel die ramings vas. (sien 4.1.4 hierbo).
4.1.7.1 Die Bestuur en alle Deputategroepe moet voortdurend kyk na moontlikhede om koste te bespaar sonder om die werk in die koninkryk te benadeel.
4.1.7.2 Toedeling van die opbrengste van beleggings en fondse moet noukeurig en korrek toegedeel word sodat kruissubsidiëring tussen trustfondse nie voorkom nie.
4.2 Kerke moet opnuut versoek word om alle bydraes vir Bybelverspreiding aan die Administratiewe Buro te stuur en nie direk aan die Bybelgenootskap van Suid-Afrika nie.
Aanbeveling: Die opdragte word goedgekeur en verdere opdragte word, indien nodig, hier bygevoeg.
Besluit: Goedgekeur.

Die vergadering ontbind as Ledevergadering.

18.3 BESKRYWINGSPUNT SUIDELIKE PARTIKULIERE SINODE : BEGROTINGS MEERDERE VERGADERINGS (Artt58, 170)

A. Ds. C.A. Jansen lig die Beskrywingspunt toe.
B. **Besluit:** Die Beskrywingspunt word verwys na die Finansiële Kommissie.
C. Oudl. J.J. Howell rapporteer namens die Kommissie.

D. BESKRYWINGSPUNT:
Dat meerdere vergaderings (Partikuliere- en Nasionale Sinodes) versoek word om toekomstige begrotings met groter omsigtigheid te beplan aangesien afgelope jare se begrotings fluktuasies getoon het wat uit voeling met finansiële werklikhede is.

2. Motivering
2.1 *Inleiding:* Statistiek verkry uit Notules en Acta van die Suidelike Partikuliere Sinode en Nasionale Sinodes is verwerk om sekere syfers weer te gee in vergelyking met sekere statistiek van die Sentrale Statistiekdiens (SSD), Sanlam, Spoornet en die Openbare Sektor. Die statistiek van kerklike vergaderings het spesifiek betrekking op ramings, die hoofinkomstebron waarop begrotings bereken word.
2.2 *Die volgende vergelykende statistieke word gegee:*
2.2.1 Suidelike Partikuliere Sinode
1992 - Sinodekas R1.50
- SustentasiekasR3.40
(Handelinge 26-11-1994, art.9)

1993 - Sinodekas R0.50 (66% afwaarts vanaf 1992)
- SustentasiekasR6.70 (97% opwaarts vanaf 1992)
(Handelinge, 23 & 24-11-1993)

1994 - Sinodekas R1.55 (210% opwaarts vanaf 1993)
- SustentasiekasR6.50 (3% afwaarts vanaf 1993)
(Handelinge, 23 & 24-11-1993)

Vir die bogenoemde tydperke was die volgende inflasiekoers van toepassing gewees (Bylae A - verkry vanaf SSD Bloemfontein)

1992 - 13,99%
1993 - 9,70%
1994 - 8,43% (gemiddeld vir eerste ses maande)

Indien die Partikuliere Sinode se syfers met die SSD inflasiesyfers vergelyk word, is daar heelwat verskil vanweë fluktuasies.
2.2.2 *Nasionale Sinode (Potchefstroom)*
Die volgende ramings per lidmaat per jaar, is uit die Handelinge van die Sinodes verkry en word by wyse van persentasies gegee (in vergelyking met die inflasie):

Ramings		Inflasie	
1987 - 1988	- 7,54%	styg	12,9%
1988 - 1989	- 8,10%		14,7%
1989 - 1990	- 7,90%		14,4%
1990 - 1991	-20,31%		15,3%
1991 - 1992	-16,28%		13,9%
1992 - 1993	-16,31%		9,7%
1993 - 1994	-22,40%	(onderhewig aan die bydrae per lidmaat tot die predikant se pensioenfonds)	

(vgl. Acta, 1991:446; Acta, 1994:375).
Van die syfers mag gunstig vertoon teenoor die inflasiekoers, maar die fluktuasie is nie in voeling met finansiële werklikhede nie.

2.2.3 *Salarisaanpassings*

Vergelykende syfers oor salarisaanpassings word gegee omdat kerke hoofsaaklik van salarisse afhanklik is vir die opstel van hulle begroting.

	Sanlam	Spoornet	OpenbareSektor (Staatsdiens)
1991	8,5%	7,5%	
1992	8,0%	7,5%	9,9%
1993	7,0%	7,5%	5,0%
1994			3,4%

Notas:
* Sanlam se statistiek is telefonies vanaf die Streekskantoor in Bloemfontein verkry. Dit is teen die maatskappy se beleid om dit skriftelik aan buite-instansies te gee.
* Spoornet se statistiek is ook telefonies vanaf hulle afdeling Menslike Hulpbronne in Bloemfontein verkry en hulle was ook nie bereid om dit skriftelik te verskaf nie.
* Die Kommissie vir Administrasie se syfers is verkry vanuit omsendbriewe aan die UOVS (Bylaes B, C en D).

Besluit: Daar word nie gevolg gegee aan die Beskrywingspunt nie.

Beredenering: Begrotings en ramings vir meerdere vergaderings word vasgestel nadat die uitgawes (koste) van ‘n meerdere vergadering bepaal is. Fluktuasie in ramings is gevolglik onafwendbaar en hou nie noodwendig verband met verbruikersprysindeks of inflasiekoers nie.

18.4 BESKRYWINGSPUNT PARTIKULIERE SINODE WES-TRANSVAAL OOR DELGING VAN AGTERSTALLIGE KERKLIKE RAMINGS (Artt.57, 171)

A. Ds. C. Aucamp lig die Beskrywingspunt toe.
B. **Besluit:** Die Beskrywingspunt word na die Finansiële Kommissie verwys.
C. Oudl. J.J. Howell rapporteer namens die Kommissie.

D. BESKRYWINGSPUNT:
Die Nasionale Sinode bied vir kerkrade wat agterstallige ramingskuld het, die geleentheid om die skuld deur middel van 'n skulddelgingsbelegging te vereffen. As voorbeeld word 'n beleggingsplan hierby aangeheg."

1. Motivering
1.1 Hierdie Beskrywingspunt behels die moontlikheid van groot verligting vir kerke met agterstallige ramingskuld.
1.2 Die verskil tussen die verwagte groeikoers van die Emeritaatsfonds (12,5% volgens die Aktuaris), en die groeikoers wat met voorgestelde belegging verdien kan word, strek tot verdere voordeel van die betrokke agterstallige kerk(e).
1.3 Hierdie voorstel moet nie as verpligtend beskou word nie, maar bied 'n effektiewe meganisme om die agterstallige skuld te delg.
1.4 Die ooreenkoms tussen die Administratiewe Buro en die agterstallige Kerk bied gemoedsrus vir beide partye. Daar word ooreengekom op 'n wedersyds bevredigende wyse van skulddelging, en periodieke aanmaning is dan nie meer nodig nie.

2. Aanbevelings
Dat die Administratiewe Buro versoek word om as agent te registreer vir doeleindes van hierdie beleggingsplan, ten einde effektiewe en eenvormige hantering daarvan te verseker.

BYLAE - DELGING AGTERSTALLIGE RAMINGS

Voorbeeld van voorgestelde skulddelgingsplan

Deur van die beleggingsdifferensiaal wat bestaan tussen die aktuariële opbrengskoers van 12,5% wat vir die Emeritaatsfonds berekeninge gebruik word en dit wat werklik verdien kan word, gebruik te maak, kan die gemeentes volgens die onderstaande voorbeeld voordeel hieruit trek.
Vir die doel van die berekeninge is gebruik gemaak van 'n agterstallige ramingskuld van R100 000 wat oor 'n periode van 8 jaar terugbetaal word. 'n Opbrengskoers van 17,5% wat geredelik behaal kan word, is gebruik. 'n Gemeente kan dan die bedrae soos volgens die onderstaande tabel bespaar.

	sonder rente	teen 7% rente	teen 12,5% rente
Aanbevole terugbetalingsperiode	8	8	8
Terugbetalingsbedrag met rente (in Rand)	100 000	171 819	256 578
Differensiële opbrengs koers	17,5%	10,5%	5%
Maandelikse paaiement	507	871	1 300
Totale bedrag belê	48 672	83 616	124 865
Direkte besparing	51 328	16 284	-24 865
Werklike besparing	51 328	88 203	131 713

Sou die huidige rentekoers van ongeveer 19% deur die Administratiewe Buro gehef word, sal so 'n gemeente 'n totale bedrag van R195 204 moet terugbetaal teen ongeveer R2 034 per maand vir die periode van 8 jaar. Dit is R70 339 meer as in die kolom vir 12,5% rente.
Indien geen rente gehef word op agterstallige ramings nie, sal die meeste verligting vir die gemeentes natuurlik realiseer soos blyk uit die eerste onder 0%. Die 12,5% aktuariële beleggingskoers van die Emeritaatsfonds onder kolom 3, sal volgens die voorstel die minste voordeel inhou vir die gemeentes

Besluit: Daar word nie gevolg gegee aan die Beskrywingspunt nie.

Beredenering: Kerke wat kontantvloeiprobleme ondervind en gevolglik nie huidige uitgawes kan ontmoet nie, kan waarskynlik nie maklik kontantfondse vind om te belê vir toekomstige uitgawes nie.

18.5 BESWAARSKRIF PART. SINODE WES-TRANSVAAL TEEN BESLUITE VAN DIE NASIONALE SINODES 1991 EN 1994 INSAKE RAMINGS VOLGENS SKRIFTUURLIKE BEGINSELS (Artt.31, 123, 198, 205, 241)

A. Dr. S.J. van der Walt lig die Beswaarskrif toe.
B. **Besluit:** Die Beswaarskrif word verwys na die Kommissie vir Beswaarskrifte. Weens ‘n swaar lading is hierdie Beswaarskrif later na ‘ n nuwe ad hoc-kommissie verwys (art.123).
C. Dr. D.J.S. Steyn rapporteer namens die Kommissie.
D. **Besluit:** Die Sinode neem kennis van die Kommissierapport. ‘n Kommissie van pre-advies sal deur die Ordekommissie benoem word om die Sinode te adviseer oor hoe verder met die Beswaarskrif gehandel moet word. (vgl. art.205)
E. Ds. C. Kruger rapporteer namens die Kommissie van pre-advies.

F. BESWAARSKRIF:
1. Besluite waarteen Beswaar gemaak word
1.1 Oor 'n Beskrywingspunt Partikuliere Sinode Oos-Transvaal oor 'n ramingstelsel volgens die Skriftuurlike beginsel van bydrae volgens vermoë het die Nasionale Sinode van 1991 die volgende besluit geneem:

"Aanbeveling: Daar word nie aan die Beskrywingspunt gevolg gegee nie.

Motivering
1. Die saak het reeds voor die Sinode van 1988 gedien (Acta 1988:128-132, art.39; vgl. veral 3.1, p.130).
2. Geen nuwe toeligting en feite is aangebied nie.
Besluit: Goedgekeur." (Vgl Handelinge 1991, 18.8, p 432).
1.2 Beswaarskrif Partikuliere Sinode Noord-Transvaal teen die besluit van Nasionale Sinode 1988 insake ramings volgens die Skriftuurlike beginsel van bydrae volgens vermoë het die Nasionale Sinode van 1994 die volgende besluit geneem:

1. Beredenering
1.1 Die wesentlike vraag wat beantwoord moet word, is die vraag: Wat is die vermoë van die kerk. Die beswaardes argumenteer dat die inkomste van 'n kerk sy vermoë is, juis dit wat die vorige besluit bevraagteken. Kerke se inkomste word grootliks bepaal deur hulle behoeftes op 'n sekere tydstip. Indien 'n kerk byvoorbeeld besig is met bouprojekte, is die bydrae gewoonlik meer as wanneer dit nie die geval is nie. Kerke met 'n kleiner aantal lidmate dra dikwels meer per lidmaat by om die kerk in stand te hou as kerke met 'n groter aantal lidmate. Indien die inkomste van 'n kerk as sy vermoë beskou word, en ramings gehef word as 'n vaste persentasie daarvan, sal dit beteken dat kerke met 'n kleiner aantal lidmate in werklikheid meer bydra in verhouding met hulle vermoë as kerke met 'n groter aantal lidmate. Dit gee ongelykheid.
1.2 Die huidige ramingstelsel maak tog onderskeid omdat kerke met 'n kleiner aantal lidmate minder moet betaal as kerke met 'n groter aantal lidmate. Kerke word geraam en nie lidmate nie. Die aantal lidmate word slegs gebruik om die ramingsbedrag per kerk te bepaal. Dit beteken dat daar in elke kerk onderskeid is tussen vermoënde lidmate en minder vermoënde lidmate omdat kerke ramings betaal. Dit gee ewewig soos gestel in die Skrif.
1.3 Die besluit van 1991 het geensins beweer dat die huidige ramingstelsel voldoende aan die Skrifbeginsel reg laat geskied nie. Dit beweer net dat nie afdoende bewys is dat die voorgestelde wyse meer reg aan die beginsel laat geskied nie. Die sin "*'n Wyse waarop moontlik meer bevredigend aan hierdie beginsel reg kan geskied, is wanneer die werklik gemiddelde inkomste van lidmate bepaal is*", is slegs 'n moontlikheid wat genoem word sonder om dit te beredeneer.
1.4 Die probleem van uitsonderlike kerke, bv. kerke met groot getalle studente, groot getalle werkloses en maatskaplike pensioenarisse, word nie voldoende opgelos in die voorgestelde en huidige wyse van ramings nie. Die saak is verwys na die benoemde Deputate vir Emeritaatsversorging vir studie.
1.5 Deel van die huidige ramingstelsel is die verpligte kollektes wat gegee moet word. Dit gee geleentheid vir elke lidmaat in elke kerk om volgens vermoë by te dra.

Aanbeveling:
Die beswaar slaag nie.
Besluit: Goedgekeur" (vgl. Handelinge 1994:382, 18.8).

2. Ontvanklikheid van die Beswaarskrif

2.1 Die Sinode van 1964 (:444) het besluit dat 'n Beswaarskrif oor 'n besondere besluit nie meer as een keer ingedien mag word nie, tensy die beswaarde(s) met gewigtige redes aantoon waarom nie berus kan word nie.

2.1.1 Dit is die eerste keer dat 'n Beswaarskrif oor die twee genoemde besluite in punt 1 ingedien word. Sedert die Nasionale Sinode van 1985 het die saak van ramings volgens Skriftuurlike beginsels wel meer kere voor die Sinode gedien, (vgl. Acta 1985:257, art.68; 1988:113, art.35; 1988:128, art.39; 1991:426, art.18.3; 1991:430, art.18.8 en 1994:380, art.18.8), maar 'n Beswaarskrif oor die besluite waarteen nou beswaar gemaak word, het nog nie voor die Sinode gedien nie.

2.1.2 Al het die saak van ramings volgens Skriftuurlike beginsels meermale voor Sinodes gedien, word die volgende redes aangetoon waarom die Sinode weer eens daaraan aandag behoort te gee:

2.1.2.1 Die besinning oor die ernstige vraag of die huidige ramingstelsel reg laat geskied aan die Skriftuurlike beginsel van vermoë, leef in die kerke. Daarvan getuig onder meer die ses Beskrywingspunte en Beswaarskrifte wat sedert 1985 voor verskeie Nasionale Sinodes gedien het. Met die behandeling van hierdie Beswaarskrif langs die weg van kerklike oorlegpleging deur Klassis Potchefstroom en Partikuliere Wes-Transvaal, het dit duidelik geblyk dat die saak in die kerke leef.

2.1.2.2 Inligting van die Administratiewe Buro dui daarop dat agterstallige ramings 'n baie groot bedrag is. Duidelike leiding oor 'n billike en Skrifgetoetsde ramingstelsel is tans baie noodsaaklik om 'n nuwe gemeenskaplike gevoel van eensgesindheid oor die betaling van ramings te vestig.

2.1.3.4 Verdere redes sal in die gronde vir die beswaar na vore kom.

3. Gronde vir die beswaar

3.1 *Eerste Beswaargrond:* Die Sinodes van 1991 en 1994 het die Skrifbeginsel van bydrae volgens vermoë in die genoemde besluite in punt 1 hierbo erken, maar het nie daaraan in die praktyk uitvoering gegee nie. Daarmee kom KO, artikel 31 in gedrang wat onder meer bepaal dat besluite van kerklike vergaderings volgens Gods Woord geneem moet word en daarom bindend is.

Motivering:
Beide die Beskrywingspunte van 1991 en die Beswaarskrif van 1994 bied grondige motivering waarom die huidige ramingstelsel nie aan die Skrifbeginsel van bydrae volgens vermoë voldoen nie. In die Besluit van die Sinode van 1991 word na 'n Beskrywingspunt verwys wat voor die Sinode van 1988 gedien het. In daardie Beskrywingspunt (1988:128-132) word met uitgebreide Skrifgegewens gepleit vir 'n

ramingstelsel wat op die Skrifbeginsel van vermoë gegrond is. Die Sinode van 1988 besluit om nie aan die Beskrywingspunt gevolg te gee nie met die volgende as motivering: "Dit is nie bewys dat die voorgestelde wyse van raming meer reg aan die Skrifbeginsel van bydrae volgens vermoë laat geskied, as die huidige nie. 'n Wyse waarop moontlik meer bevredigend aan hierdie beginsel reg kan laat geskied, is wanneer die werklike gemiddelde inkomste van die lidmate bepaal is." Die Sinode van 1991 het met hierdie motivering die Skrifbeginsel van bydrae volgens vermoë erken en het eweneens erken dat die huidige wyse van raming nie daaraan laat reg geskied nie, en tog word aan die Skrifbeginsel van bydrae volgens vermoë nie uitvoering gegee nie. Die verwysing na 'n moontlike wyse om aan die beginsel meer bevredigend reg te laat geskied, naamlik om die gemiddelde inkomste van lidmate te bepaal, is misleidend aangesien kerke geraam word en nie lidmate nie (vgl. Acta 1994:382, 1.2). En die vermoë van 'n gemeente vind uitdrukking in die inkomste van daardie gemeente ooreenkomstig die seëninge van die Here.
In die besluit van die Sinode van 1994 oor die Beswaarskrif van Part. Sinode Noord-Transvaal het die Sinode in 'n groter mate erkenning aan die Skrifbeginsel van vermoë gegee en tog nie uitvoering aan die beginsel in die praktyk gegee nie. Die Beswaarskrif van 1994 bring weer eens die Skrifbeginsel van vermoë skerp in die kollig. In 1.5 van die beredenering word die Skrifbeginsel van bydraes volgens vermoë uitdruklik erken en in 1.3 (Acta 1994:382) word erken dat die huidige ramingstelsel nie voldoende aan hierdie Skrifbeginsel laat reg geskied nie. Met verwysing na die Besluit van 1991 (sic- dit moet wees 1988) word die woorde gebruik "meer reg aan die beginsel laat geskied" en "meer bevredigend aan hierdie beginsel reg kan geskied". 'n Skrifbeginsel moet gehoorsaam word en laat nie ruimte vir meer of minder gehoorsaam nie. Dit is ook die eis van KO, artikel 31 dat besluite van kerklike vergaderings volgens Gods Woord geneem moet word. Dit Sinode behoort dus die ramingstelsel so te verander dat die wyse van ramings wel aan die Skrifbeginsel van vermoë voldoen - 'n wyse wat in die Beswaarskrif opnuut logies en duidelik uiteengesit is.
In beide die Besluite van 1991 en 1994 het die Sinode die Skrifbeginsel van bydrae volgens vermoë erken, en tog is hierdie Skrifbeginsel nie in sy volle konsekwensies in die praktyk toegepas nie.
3.2 *Tweede Beswaargrond:* Alhoewel die Sinodes van 1991 en 1994 die Skrifbeginsel van bydraes volgens vermoë erken het, is die genoemde Besluite in punt 1 hierbo geneem sonder om die Beskrywingspunt van 1991 en die Beswaarskrif van 1994 grondig in die lig van die Skrif te beoordeel.
Motivering:
Beide die Beskrywingspunt (1991) en die Beswaarskrif (1994) kom met uitgebreide Skrifbewyse om die beginsel van bydraes volgens vermoë te motiveer. Hierdie Skrifbewyse kom samevattend op die volgende neer:

* Bydraes tot die diens van die Here is in die Ou Testamentiese tyd nie volgens 'n vaste bedrag of hoeveelheid vir elkeen vasgestel nie, maar as 'n tiende van elke man se totale inkomste (vgl. Lev 7:30-33; Deut 14:22-29; 26:12; Neh 10:34-39; 12:44-47 en Mal 3:8-10).
* By die tempelskatkis gooi die rykes 'n groter bedrag as die armes in, maar volgens Jesus het die arm weduwee wat uit haar gebrek ingegooi het, meer as almal ingegooi (vgl. Luk 21:1-4)
* In die diensbetoning aan medegelowiges behoort elke gelowige volgens wat hy het, dit is volgens sy vermoë, te gee (2 Kor 8:1-15; 1 Kor 16:2).
* Bydraes word in die Nuwe Testament nie gebind aan 'n gedwonge vaste bedrag per persoon nie (vgl. 2 Kor 9:7)

Met die oog daarop om aan te toon dat die Sinode van 1991 ten opsigte van die Beskrywingspunt van 1991 in sy besluit geen Skriftoetsing toegepas het nie, word vervolgens 'n bepaalde lyn van sake sedert Sinode 1985 kortliks aangedui.

In 1985 dien 'n Beskrywingspunt van Partikuliere Sinode Oos-Transvaal (vgl. Acta 1985, art.68) voor die Sinode waarin op grond van duidelike Skrifgronde gevra word dat die ramingstelsel rekening moet hou met die vermoë van elke gemeente. Die Sinode gee sonder enige motivering nie gevolg aan die Beskrywingspunt nie.

In 1988 dien 'n Beswaarskrif voor die Sinode (vgl. Acta 1988, art. 35). In die Beswaarskrif word beswaar gemaak teen die besluit van Sinode 1985 wat die Beskrywingspunt van Part. Sinode Oos-Transvaal met sy beroep op die Skrif nie geantwoord het nie. Die Beswaarskrif het op hierdie Beswaargrond geslaag. Die Sinode van 1988 het geoordeel dat die Sinode van 1985 geen redes aangevoer het waarom die Skrifgronde in die Beskrywingspunt nie geldig is nie. Dit is ook duidelik gestel dat sonder 'n Skriftoetsing dit haas onmoontlik was om die besluit te beoordeel.

In 1991 dien die Partikuliere Sinode Oos-Transvaal weer eens 'n Beskrywingspunt in juis omdat die Beswaarskrif van 1988 oop 'n belangrike Beswaargrond geslaag het. In die Beskrywingspunt van 1991 (dit waarna hierdie Beswaarskrif in punt 1 verwys) word weer eens sterk Skrifgronde aangevoer oor die Skrifbeginsel van vermoë met die verwagting dat die Sinode van 1991 met deeglike Skriftoetsing sal deurvoer wat deur die Sinode van 1985 nagelaat is. Soos aangehaal in punt 1 hierbo, besluit die Sinode van 1991 weer eens sonder die beoordeling van die Skrifgronde, dat daar nie aan die Beskrywingspunt gevolg gegee word nie. In die kort motivering verwys die Sinode na 'n Beskrywingspunt wat voor die Sinode van 1988 gedien het en waar die Sinode van 1988 eweneens nie die Skrifgegewens gemotiveer beoordeel nie.

In sy antwoord op die Beswaarskrif van 1994 kom die Sinode met 'n bepaalde beredenering (kyk punt 1 hierbo) wat oënskynlik na 'n Skriftoetsing lyk. In die hele beredenering word egter na geen Skrifgronde verwys om bepaalde konklusies te staaf nie. Die beredenering skiet te kort aan die eis van deeglikheid en volledigheid en dit is duidelik dat die beredenering eensydig die huidige stelsel van

ramings probeer regverdig. Enkele bewyse vir die gebrek aan deeglikheid en volledigheid is die volgende:
* In punt 1.1 van die Beredenering word die uitsonderlike tot maatstaf verhef om by die punt verby te kom waaroor dit werklik gaan, naamlik of die huidige stelsel van raming voldoen aan die Skrifbeginsel van bydraes volgens vermoë.
* In punt 1.1 word die bewering ook gemaak dat kleiner kerke dikwels meer bydra om die kerk in stand te hou as groter kerke. Indien ramings as 'n vaste persentasie gehef word, word beweer dat die kleiner kerke eintlik meer gaan bydra in verhouding met hulle vermoë. Dit is tog onmoontlik, omdat die goeie bydraes van 'n kleiner gemeente hulle vermoë is ooreenkomstig God se genade en seëning aan hulle.
* In punt 1.2 kom teenstrydighede voor. Tereg word gemeld dat kerke geraam word en nie lidmate nie. Maar net daarna word die aantal lidmate en die wisselende vermoë van lidmate binne 'n gemeente ter ondersteuning van 'n raming per lidmaat aangevoer.

4. Ten slotte

Die mening dat die huidige stelsel van raming nie voldoen aan die Skrifbeginsel van bydrae volgens vermoë nie, leef as 'n gewigtige saak in die gemoed van baie kerke. Sedert 1985 het die saak by verskeie geleenthede voor Sinodes gedien. Daarom versoek die opstellers van hierdie Beswaarskrif die Sinode van 1997 om in belang van al die kerke staande die Sinode hieroor duidelike leiding te gee. 'n Voorbeeld van hoe die Skrifbeginsel van vermoë as ramingstelsel in die praktyk toegepas kan word, is beskikbaar.

Besluit:

1. Die Sinode verwys die Beswaarskrif na die Deputate vir Sustentasie om die volgende Sinode daaroor te adviseer.
2. Die Deputate vir Sustentasie in samewerking met die Bestuur van die Admin. Buro kry opdrag om die Sinode te adviseer oor ‘n metode(s) van ramings wat aan die Skriftuurlike beginsels van bydrae volgens vermoë reg sal laat geskied. ‘n Voorlopige rapport moet aan die Part. Sinodes gestuur word, waarop kommentaar gelewer moet word. Dit moet in die rapport aan die Sinode verwerk word.
3. Die volgende interimreëling word getref:

3.1 Kerke wat meen dat hulle met die huidige ramingsmetode ‘n te groot persentasie van hulle bruto inkomste aan ramings betaal, kan met advies van die Klassis by die Bestuur van die Admin. Buro aansoek doen om vermindering van ramings.

3.2 Die kerke se aansoeke moet telkens vergesel wees van volledige geouditeerde finansiële state. Kerke moet hulle aansoeke volledig motiveer. Die Klassis moet die noodsaak aantoon en motiveer.

3.3 Die Bestuur van die Admin. Buro gee verligting van ramings met kennisname aan die Deputate vir Sustentasie.

3.4 Kerke word versoek om vrywillig by te dra om hierdie verligting te bewerk en om een kollekte per jaar daarvoor af te staan.